'n Groep merries aan die beweeg op Geyerspan, Lichtenburg. Dit is die tweedegrootste stoet vir dié ras ter wêreld

Nuwe bedeling vir 'swart juwele'?

deur **Hennie Basson**

Die langverwagte ordening in ons swart trekperdbedryf is dalk nie so ver in die verskiet nie. Wat 'n skikkingsooreenkoms tussen die verskillende belangegroepe uiteindelik sal behels, is egter moeilik voorspelbaar. Dat twee sterk rasgenootskappe pleks van die huidige drie moontlik hieruit kan voortvloei, is ook nie vergesog nie.

Dekades reeds is talle strydpunte aan die orde van die dag in 'n voortslepende skaakspel tussen die groeperinge wat die belange verteenwoordig van die Fries en SA Vlaam. Sedert daar ongeveer 'n eeu gelede 'n verkeerde benaming aan die swart trekperde van ons land toegedig is, is hierdie bedryf deurspek met onenigheid – van persoonlikheidsbotsings en skeurings in telersgeledere tot hofgedinge en nou weer die dreigement van regstappe.

Die Friesperd Stamboek van Suid-Afrika (FPSSA) het die Friesperdtelersgenootskap van Suid-Afrika onlangs gedreig met 'n hofbevel om hom te verbied om die naam Friesperd te gebruik. Nogtans het dit teen druktyd gelyk asof die jarelange onverdraagsaamheid tussen die twee strydende partye, uiteindelik tot 'n mate getemper is.

Indien die droom van samewerking uiteindelik verwesenlik kan word, is een van die moontlikhede dat twee goed georganiseerde rasgenootskappe hieruit sal voortspruit. Een van verskeie scenarios wat deesdae dikwels in plaaslike swartperdkringe geskets word, is die handhawing en uitbouing van 'n goed-gefundeerde Friesperdras onder die vaandel van die FPSSA wat by Het Friesch Paarden Stamboek in Nederland geaffilieer is.

'n Tweede scenario is die moontlikheid van 'n verstewigende SA Vlaamperdbedryf wat 'n ongekende uitbreidingsgeleentheid inhou. Die perde wat tans by die Friesperdtelersgenootskap van SA geregistreer is, sal egter voortaan die SA Vlaamperdkamp moet betree.

Baie van die ringkoppe in die geledere van die Friesperdtelersgenootskap van SA huldig steeds die standpunt dat hier vir ongeveer 'n eeu reeds 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse tipe Friesperd geteel is – dit is nie 'n "Hollandse Friesperd" nie en ook nie 'n SA Vlaam nie. Die voorsitter, Le Roux

Die natuurlike aksie van die ingevoerde hings, Falco T

'n Hings wat aan internasionale standaarde voldoen

'n Fluweelagtige voorkoms en lang maanhare is kenmerkend van die Fries

Bekende SA Vlaamperdhings, Tol, vertoon deur Izak Volgraaff

Pieter Loubser met 'n Suid-Afrikaansgeteelde hings, Riempies, wat drie keer die grootkampioenhings vir sy ras was

Piet Botha se stoet by Geyerspan, Lichtenburg, was oor die afgelope 15 jaar dié voedingsbron vir Friesperde die land

Vervolg op bladsy 49 ...

Daar is voorsiening vir drie perde wat elkeen afsonderlik afgeskort word

Bou 'n koste-doeltreffende, praktiese drukgang vir perde

Met die hantering van perde, veral as hulle 'n bietjie wild is, is dit baie belangrik dat mens doeltreffende en veilige infrastruktuur het om beserings te vermy. Michael van Rensburg, president van die SA Boerperdtelersgenootskap, het hierdie aanwysings vir die bou van 'n veilige en praktiese drukgang vir perde aan *SA Horseman* verskaf.

Materiaal

Behandelde houtpale (verkieslik groen en nie kreosoot nie)
Dikte van regop pale: 100 mm
Dikte van dwarspale: 70/80 mm.

Mates

Binnemaat van gang: 600/610 mm
Hoogte van regop pale: 2,5 m
Diepte ingeplant: 0,5 m. Lengte van paal dus 3 m
Afstand van regop pale van mekaar: 1,7 m
Afstand van dwarspale van mekaar: 300 mm
Lengte van drukgang: 6 m.

Notas

1. Deur lang regop pale te gebruik, kan dit bo-aan mekaar met 'n dwarsbalk gekoppel word. Dit verleen stewigheid en verhoed dat die konstruksie lendelam word
2. Die D-ringe waarmee die perde afgeskort word, word vooraan die regop paal vasgebout om dit stewiger te kry. Gebruik 30 mm breë plat yster
3. Gebruik volledig-gegroefde 12 mm dik ysterstawe *(threaded bars)* om die konstruksie aanmekaar te bout. Saag die boute kort genoeg af, sodat daar nie punte uitsteek nie. Dit is ook meer ekonomies
4. Aan die ingangkant van die drukgang moet die kraal tregtervormig wees, om perde na die ingangkant te "forseer". Die regop pale moet teen die ente van die dwarsbalke geplant word om stampe, kneusing en snye te verhoed
5. Dit is belangrik dat die onderste balk van die afskortings altyd eerste deurgesteek moet

SUPERB QUALITY WARMBLOODS FOR SALE

VERY REASONABLE PRICES - FANTASTIC VALUE FOR MONEY

Swazi-Lizkhar **FERRO GRANDE** at 21 days

by the world ranked No.1 dressage stallion **OLYMPIC FERRO** out of a full sister to Winter General II, by * **WINTERSTAR** (highest priced colt at Elite Verden Sale in Germany) out of imported **STATE PREMIUM GRANDESSA**, by **GRUNDSTEIN** (sire of several Olympic champions).

THE ULTIMATE DRESSAGE PEDIGREE!

Swazi-Lizkhar Warmblood Stud Equestrian Centre

Exciting prospects from yearlings to 5 year olds by the phenomenal OLYMPIC FERRO, LINDENBERG (2005 SA Derby winner and hugely successful Warmblood sire), LARRY DE LA BRYERE LAST STEP (winner of SA leg of World Cup), BEAU VENEUR (SA High Jump record holder), RAMIREZ FURI (SA Advanced Dressage Champion), LAND EARL (Int. A Grade), the highly rated DAGERAAD (sire of Warmblood Champions Horse of the Year Show 2006) and extremely talented dressage horse WINTER GENERAL II.

ALL STOCK BRED FROM HIGH QUALITY WARMBLOOD DAMS, INCLUDING IMPORTED STATE PREMIUM MARES.

CONTACT: LIZ REILLY: 09 268 602 1275 / KATE TAMAN : 09 268 602 0163

" Whether you think that you can, or that you can't, you are usually right" - Henry Ford

designLINKS 083 263 5307

Die drukgang op Michael van Rensburg se plaas

Die D-ringe waarmee die perde afgeskort word, word vooraan die regop paal vasgebout om dit stewiger te kry. Gebruik 30 mm breë plat yster

word wanneer perde afgeskort word. Dit verhoed dat die perd onder die tweede, hoër dwarsbalk deurkruip, probeer opstaan en sy rug beseer

6. Die laaste afskorting aan die kraal se kant, is so geplaas dat ±500 mm van die drukgang oop is. Dit is 'n gerieflike spasie waar 'n mens kan staan as jy van agter aan 'n perd moet werk
7. Hout is meer verbruikersvriendelik teenoor 'n perd as byvoorbeeld pyp. Dit veroorsaak minder beserings
8. Die mates wat aangedui is, is vir 'n gemiddelde grootte perd. Mates moet aangepas word vir groter rasse. **SAH**

Vervolg vanaf bladsy 46 ...

Botha, meen dat hoewel hy uiteraard ten gunste van eenheid in die bedryf is, 'n 100 jaar se teling nie sommer net oorboord gegooi kan word nie.

Pieter Loubser, wat vir twaalf jaar lank die voorsitter van die Friesperdgenootskap van SA was, meen ook dat eenheid steeds die ideaal moet wees. Hy glo dat die lede van beide groeperinge onder een dak tuishoort. Hulle kan dan in 'n enkele liggaam in twee afsonderlike afdelings opereer – elkeen met sy eie spelreëls wat wedersyds gerespekteer moet word.

Marlise Botes sê die FPSSA huldig die standpunt dat die Fries oorspronklik uit Nederland kom en as sodanig beskou moet word. Handelsmerkregte is reeds in 2001 bekom om die naam te beskerm, maar nou eers dreig die FPSSA die ander party met 'n hofbevel. Die FPSSA se stamboek is uiteraard reeds gesluit, sê sy, maar stel dan voor dat perde wat reeds in die Friesperdtelersgenootskap van SA gekeur is, herkeur word deur 'n aanvaarbare keurder wat internasionale norme toepas. Perde wat dan nie aan die minimum vereistes voldoen nie, sal dan 'n keuse moet hê om hulle na SA Vlaamperdgeledere te wend. Hieroor sal lede van die betrokke rasgenootskappe egter self moet besluit.

Die voorsitter van die SA Vlaamperdtelersgenootskap, Piet Serdyn, sê sy genootskap was nog altyd bereid om met Friesperdleiers oor moontlike samewerking vorentoe in gesprek te tree. Die voorwaarde was en is egter steeds dat die twee bestaande Friesperd-organisasies eers die strydbyle moet begrawe en uit een mond moet praat.

Piet sê dit is 'n feit dat baie van die perde wat by die Friesperdgenootskap van SA geregistreer is, oor SA Vlaamperdbloed beskik. Dit behoort samewerking met sy genootskap te vergemaklik. Van die Friesperde wat aan die SA Vlaam se rasstandaarde voldoen, kan as fondasieperde in die aanhangsel-register opgeneem en sodoende opgegradeer word.

Vir bewaarders van die swartperd-erfenis soos Piet Serdyn en wyle Bertus Smith, was 2006 'n beslissende jaar vir die voortbestaan van die SA Vlaam. Daar sal egter nog baie water in die see moet loop voordat samesprekings tussen die verskillende groeperinge op 'n nuwe orde vir die bedryf uitloop. Tog is die bereiking van hierdie ideaal nie meer 'n onmoontlikheid nie – en die Kaap dalk binne die volgende jaar of wat weer Hollands! **SAH**